

12

HERSIENING LESSE 1-11

Evaluering van kennis

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet 'n goeie kennis hê van Lesse 1-11.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- onthou wat hulle in elke les geleer het.
- 'n goeie algemene kennis van die inhoud van die lesse hê.

Gesindheid

Die kinders moet –

- verstaan waarom dit nodig is om kennis te toets.
- bly wees oor die geleentheid om 'n geheelprentjie oor die werk te kry.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- dit wat hulle by elke les geleer het, in hulle eie woorde weer te gee.
- dit wat hulle geleer het, prakties uit te leef.

MEER INLIGTING

Hierdie kategeseboek se titel is *Ek het die Here altyd by my*. In die eerste elf hoofstukke het ons gekyk na die volgende belangrike feite oor hoe ons in Jesus se kerk leef:

- Deur sy doop word Jesus bekendgestel as waarlik mens sodat Hy in ons plek voor God kan staan om ons sonde te vergewe.

- Deur gebed kan ons eerlik met God praat oor wat in ons harte leef.
- Jesus gebruik gelykenisse om iets te verduidelik sodat ons kan verstaan wat Hy vir ons sê.
- Jesus is onskuldig gekruisig sodat ons van sonde verlos word, en begrawe omdat Hy werklik gesterf het.
- Wie gedoop is in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en in Jesus glo, se sondes word vergewe.
- Omdat bejaardes spesiale behoeftes het, is hulle belangrik vir die Here, en daarom moet ons na hulle omsien.
- God sluit 'n verbond met Abram –
 - o waarin Hy beloftes aan Abram maak.
 - o waarin gehoorsaamheid van Abram verwag word.
- Daardie beloftes en gehoorsaamheid geld ook vir ons.
- Daarom moet ons ook dankbaar wees oor dié verbond.
- Ons verkies om in ons Kerk babas met die besprinkelingsdoop te doop, in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
- Daar is baie mense met verskillende gestremdhede, en hulle is mense net soos ons. Hulle wil nie bejammer word nie, maar het 'n behoefte aan liefde.
- God het deur Josef gepraat deur hom drome te laat uitlê en so nie net sy eie mense te red van hongersnood nie, maar ook die hele wêreld.
- Nadat die Heilige Gees tydens die pinksterfees uitgestort is, is die evangelie met woorde en daede aan ander mense verkondig, en so is die kerk op aarde gevestig.

Jy het nodig:

- Die opgestelde vraebank vir elke kind uit Lesse 1-11 (kyk by JY HET NODIG in Les 10).

AANBIEDING

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

VANDAG ONTHOU ONS

BEGIN SO

- Skerp die feite van Lesse 1-11 by MEER INLIGTING hierbo in.
- Gebruik HET HULLE ONTHOU uit al die lesse van Lesse 1-11 en skerp dit weer by die kinders in.
- Elke kategeet doen dit op 'n wyse wat hy of sy goedvind.

Die volgende riglyne kan ook gebruik word. Verduidelik weer –

- die tema van elke les,
- die aktuele saak waaroor elke les gehandel het, en
- die feite soos wat die kinders onder die opskrif LEER moes gaan memoriseer.

IETS OM TE DOEN

- Deel die vraebank wat jy opgestel het, uit.
- Laat hulle dit tuis gaan leer.

AFSLUITING

Laat een van die kinders afsluit met gebed.